IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(KAAP DIE GOEIE HOOP PROVINSIALE AFDELING)

CCT 11/95

CONSTITUTIONAL COURT
PRIVATE BAG/PRIVAATSAK X32
1995 -03- 31
BRAAMFONTEIN 2017
KONSTITUSIONELE HOF

SAAK NO. 1950/94

In die saak tussen:

**DIE STAAT**

en

**JOE GWADISO** Beskuldigde

---

**UITSPRAAK GELEWER OP 16 FEBRUARIE 1995**

---

**TRAVERSO R.**

Hierdie aangeleentheid dien voor my op hersiening. Die beskuldigde het daarvan aangekla gestaan dat hy handel gedryf het in 444,7 gram dagga soos beoog in Artikel 5(b) van die Wet op Dwelmmiddels en Dwelmsmokkelary No. 140 van 1992. In die alternatief het hy aangekla gestaan van 'n oortreding van Artikel 4(b) van die Wet deurdat hy in besit was daarvan.

Die beskuldigde het onskuldig gepleit. Volgens sy pleitverduideliking in terme van Artikel 115 van Wet 51 van 1977, het hy erken dat hy in besit gevind is van die dagga maar het te alle tye ontken dat hy die dagga besit het ten einde daarmee

handel te dryf, óf dat hy inderdaad handel gedryf het.

Die enigste getuienis wat die Staat aangebied het, is dat die beskuldigde in besit gevind is van die dagga. Daar was dus geen direkte getuienis wat bo redelike twyfel sou kon bewys dat die beskuldigde dit ten doel gehad het om met die dagga handel te dryf nie. Bygevolg is daar deur die verhoorlanddros gesteun op die vermoede soos vervat in Artikel 21(1)(a)(i) van die Wet.

In S. v. **Bhulwana** 1995(1) SA 509 (KPA) het **Marais R.** soortgelyke feite oorweeg. **Marais R.** het tot die gevolgtrekking gekom dat aangesien die vermoede waarna ek hierbo verwys het, die bewyslas op die beskuldigde plaas om op 'n oorwig van waarskynlikhede te bewys dat hy nie die dagga besit het met die oog daarop om handel te dryf nie, dit *prima facie* in stryd is met die bepalings van Artikel 25(3)(c) van die Grondwet wat bepaal:

> *"Elke beskuldigde het die reg op 'n billike verhoor, waarby inbegrepe is die reg -*
>
> ...
>
> *(c) om onskuldig geag te word en om te swyg tydens pleitverrigtinge of verhoor en om nie tydens die verhoor te getuig nie."*

Die beredenering van **Marais R.** word duidelik en volledig in die **Bhulwana** uitspraak uiteengesit en ek stem respekvol daarmee saam. Ek sal dit dus nie hierin herhaal nie. Ek volstaan deur te sê dat ek saamstem met **Marais R.** dat die vermoede die wesentlike inhoud van die beskuldigde se reg om onskuldig geag te word, ontken.

Die hoeveelheid dagga in die onderhawige saak was nog baie minder as dié in die **Bhulwana** saak. Inderdaad is dit bykans die helfte minder. Ek is gevolglik verplig om die vraag oor die grondwetlike afdwingbaarheid van die vermoede soos geskep in Artikel 21(1)(a)(i) van Wet 140 van 1992 na die Konstitusionele Hof te verwys vir oorweging. Dit word so beveel. Indien die Hof sou bevind dat die vermoede ongeldig is, sal die skuldigbevinding gewysig moet word na een van besit van 'n ongewensde afhanklikheidsvormende stof. Insgelyks sal die vonnis in heroorweging geneem moet word.

TRAVERSO R.

**Ek stem saam:**

CONRADIE R.